

## **EERBETOON AAN JAHSHUAH (CHRISTUS) DEUR MIDDEL VAN ONS TAALGEBRUIK**

**Deur Tienie Dumas**

**10 Oktober 2015**

Die Almagtige, YAHWEH (DIE HERE), die God van die Bybel is 'n God van orde. Hy is altyd in beheer en wat Hy besluit het, sal gebeur. Niemand behalwe Hyself kan dit keer of verhinder nie. Hy is die onveranderlike God wat geen verduideliking aan enig iemand verskuldig is nie. Hy het niemand se toestemming nodig vir wat Hy wil doen nie. Hy alleen is die Almagtige, Alwyse, Ewige en Alomteenwoordige God - Hy is 'n God van Liefde en ons het die vertroosting "Vir hulle wat God liefhet, werk alles ten goed mee".

Nadat God baie keer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het. (Heb. 1:1-2)

Want aan wie van die engele het Hy ooit gesê: U is my Seun, vandag het Ek U gegeneer? en weer: Ek sal vir Hom 'n Vader wees, en Hy sal vir My 'n Seun wees." (Heb 1:5)

En wanneer Hy weer die Eersgeborene in die wêreld inbring, sê Hy: En al die engele van God moet Hom aanbid. (Heb. 1:6) maar van die Seun: U troon o God, is tot in alle ewigheid, die septer van u koninkryk is 'n regverdige septer. (Heb. 1:8)

En aan watter een van die engele het Hy ooit gesê: Sit aan my regterhand totdat Ek u vyande gemaak het 'n voetbank van U voete? (Heb. 1:13) As die engele hom moet aanbid en eer, hoeveel te meer moet ons dit doen.

My vraag aan U en aan my: Gee ons Hom die eer wat Hom toekom? In my voorbereiding het ek opnuut besef dat ek my hoof in skaamte moet laat sak. U en ek moet onself beoordeel na aanleiding van dit wat ons in die Skrif lees omtrent eerbetoon.

Psalmsing tot eer van die Here, o sy gunsgenote, en loof Sy Heilige gedenknaam. (Ps. 30:5) Sodat my eer U kan besing en nie swyg nie. Here, my God, vir ewig sal ek U loof. (Ps. 30:13)

Die volk wat Ek vir My geformeer het, hulle sal my lof verkondig (Jes. 43:21) My bede is dat dit by ons as Geloftevolk 'n versugting mag wees om Sy lof en Sy eer te verkondig.

Offer dank aan God, en betaal jou geloftes aan die Allerhoogste, en roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp, en jy moet My eer. (Ps. 50:14-15)

Nie aan ons, o Here, nie aan ons nie, maar aan U Naam gee eer, om U goedertierenheid, om U trou ontwil. (Ps. 115:1)

'n Seun eer die Vader, en 'n kneg sy heer: As ek dan 'n Vader is, waar is My eer? En as Ek dan 'n Heer is, waar is die vrees vir My? (Mal. 1:6)

Ek is die Here, dit is my Naam; en My eer sal Ek aan geen ander gee, of ook my lof aan die gesnede beelde nie. (Jes. 42:8)

Juig tot eer van God, o ganse aarde! Besing die eer van Sy Naam, maak heerlik Sy lofsang! Laat die hele aarde U aanbid en psalmsing tot U eer; laat dit U Naam verhef in psalmgesang. (Ps. 66:1,2 & 4)

Want so sê die Here, wat die hemele geskape het, - Hy is God! – wat die aarde geformeer en dit gemaak het – Hy het dit bevestig; Hy het dit nie geskape om woest te wees nie; maar dit geformeer om bewoon te word – Ek is die Here, en daar is geen ander nie. (Jes. 45: 18)

Kyk, Ek het jou gelouter, maar nie soos silwer nie; Ek het jou beproef in die smeltkroes van ellende. Om My ontwil, om My ontwil sal Ek dit doen, - want ag, hoe is My Naam ontheilig! – en Ek sal My eer aan geen ander gee nie. (Jes. 48:10 & 11)

Ek het tot die slotsom gekom dat die tong ons groot probleem is waarmee ons ons Hemelse Vader oneer aandoen. Met ons tong uiter ons vuil taal, vertel ons leuens en beskinder ons ons naaste.

Jou mond laat jy los in boosheid, en jou tong vleg bedrog. Jy sit en praat teen jou broer, die seun van jou moeder beskimp jy. (Ps 50:19&20)

Die een wat dank offer, eer My; en die een wat op sy weg ag gee, hom sal Ek die heil van God laat geniet. (Ps. 50:23)

Maar Ek sê vir julle dat van elke ydele woord wat die mense praat, daarvan moet hulle rekenskap gee in die oordeelsdag. Want uit jou woorde sal jy geregverdig word, en uit jou woorde sal jy veroordeel word. (Matt. 12:36&37)

Maar nou moet julle ook dit alles aflê, naamlik toorn, woede, booshied, laster, skandelijke taal uit julle mond. (Kol. 3:8)

Laat julle woord altyd aangenaam wees, met sout besprinkel, sodat julle kan weet hoe julle iedereen moet antwoord. (Kol. 4:6)

Lieg nie vir mekaar nie, omdat julle die oue mens met sy werke afgelê het en julle jul met die nuwe mens bekleed het wat vernuwe word tot kennis na die beeld van sy skepper. (Kol 3: 9&10)

Laat die Woord van Christus ryklik in julle woon in alle wysheid. Leer en vermaan mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere, en sing in julle hart met dankbaarheid tot eer van die Here. En wat julle ook al doen in woord of in daad doen alles in die Naam van die Here Jesus en dank God, die Vader deur Hom. (Kol. 3:16&17)

Daarom, bemoedig mekaar en bou die een die ander op, soos julle ook doen. (1 Thes. 5:11)

Laat ons dan gedurig deur Hom aan God 'n loffer bring, dit is die vrug van die lippe wat Sy Naam bely. (Heb. 13:15)

Een wat vashou aan die betroubare woord wat volgens die leer is, sodat hy in staat kan wees om met die gesonde leer te vermaan sowel as om die teësprekers te weerlê. (Tit. 1:9)

Want wie die lewe wil liefhê en goeie dae wil sien, moet sy tong bewaar vir wat verkeerd is, en sy lippe dat hulle geen bedrog spreek nie. (1 Pet. 3:10)

As iemand spreek, laat dit wees soos woorde van God; as iemand dien, laat dit wees soos uit die krag wat God verleen, sodat God in alles verheerlik kan word deur Jesus Christus, aan wie die heerlikheid en krag toekom tot in alle ewigheid. (1 Pet. 4:11)

Maar hoerery en allerhande onreinhed of hebsug moet onder julle selfs nie genoem word nie, soos dit die heiliges betaam; ook nie gemeenheid en dwase of lawwe praatjies wat nie pas nie, maar liever danksegging. (Efs. 5:3&4)

Hulle wat die waarheid van God verruil het vir die leuen en die skepsel vereer en gedien het bo die Skepper wat geprys moet word tot in ewigheid. (Rom. 1:25)

Ons sien ook in die Skrif hoedat Hy deur die skepping vereer word. Let op die mooi beeldspraak in die volgende:

Die hemele vertel die eer van God, en die uitpansel verkondig die werk van Sy hande.

Die een dag stort vir die ander 'n boodskap uit, en die een nag kondig vir die ander kennis aan: daar is geen spraak en daar is geen woorde nie – onhoorbaar is hulle stem. Hulle meetsnoer gaan uit oor die hele aarde, en hulle woorde tot by die einde van die wêreld. Vir die son het Hy daarin 'n tent gemaak; en die soos 'n bruidegom wat uitgaan uit sy slaapkamer; hy is bly soos 'n held om die pad te loop. Sy uitgang is van die einde van die hemel af, en sy omloop tot by die eindes daarvan, en niks is verborge vir sy hitte nie. (Ps. 19:1-7)

Dan het ons ook 'n mooi voorbeeld hoe Hy by die troon vereer word in Op. 4:8-11

En die vier lewende wesens het elkeen vir homself ses vlerke gehad, en hulle was rondom en van binne vol oë; en hulle het sonder ophou dag en nag gesê: Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige, wat was en wat is en wat kom!

En elke keer as die lewende wesens heerlikheid en eer en danksegging gee aan Hom wat op die troon sit, wat tot in alle ewigheid lewe, val die vier-en-twintig ouderlinge neer voor Hom wat op die troon sit, en aanbid Hom wat tot in alle ewigheid lewe, en werp hulle krone voor die troon en sê:

U is waardig, o Here, om te ontvang die heerlikheid en die eer en die krag, want U het alles geskape en deur U wil bestaan hulle en is hulle geskape.